
# *Leer ken Sneeuberg se binneste*

Kom kuier op 'n plaas in die Sneeuberg, een van die Karoo se mees dramatiese streke en 'n deel van die land waarvan jy waarskynlik nog nooit gehoor het nie.

STORIE **JULIENNE DU TOIT** FOTO'S **CHRIS MARAIS**



aborerum dolores as evel modigendent, toremporem apis dia nulpa nullentius debite cum nos aut pernam, vid qui



Van die 'n hoë platorots af sien ons hoe verkleur 'n sagte lig die sandsteen doer in die verte. Ons is wes van Graaff-Reinet in die Oos-Kaap, dis laatsomer en in die voorgrond keer James Brodie met 'n cowboyhoed op sy kop 'n stuk of 2000 skaap en 18 geïrriteerde alpakkas aan na waar nog 'n sonkol is. Sy helper is Emma, 'n Australiese skaaphond met net drie bene.

Al dié moeite sodat my man, Chris, nog 'n paar foto's kan neem voordat die dag uitloop.

Die trop beweeg van links na regs met plekplek tussen die massas die koddige lang nekke van die "wolkameelperde" uit Suid-Amerika.

"Haai, haai, haai!" roep James en sy arms waai soos vlerke weerskante sy lyf. Emma hol gretig heen en weer, druk die skaap op bondeltjies bymekaar en stu hulle in 'n rigting. Sy laat dié enorme taak na die maklikste ding in die wêreld lyk!

Hierdie kamp van James se plaas, Doornplaats, is 20 ha – so groot soos 40 rugbyvelde. Oor 'n dag of wat sal hy dié skaap na 'n ander weikamp verskuif sodat die huidige een – teen dié tyd goed bemes! – vir 'n jaar kan rus en die grond kans kry om te herstel. Danksy hierdie holistiese benadering tot veldbestuur het James sy plaas se drakrag drasties verhoog.

Nog net 'n paar weke, dan sal die eerste ryp aankondig dat dit tyd is om die skaap laer te skuif, weg van Sneeuberg se snerpkoue hoogtes. Vir eers is dit nog goed dat hulle hier loop, want g'n gogga hou in dié ysige omstandighede nie. Dus is die vee beskerm teen muskiete wat slenkdalkoors aandra en muggies wat dikkopperdesiekte versprei. Maar dis nie meer lank voor 'n ánder bedreiging – verkluim in die sneeu – sy gesig wys nie.

**Mense dink dikwels** die Karoo is plat. Maar hier, tussen Nxuba (Cradock) en Graaff-Reinet, en so ver noord as Nieu-Bethesda en Middelburg, én suid tot by Pearston en Kookhuis, bult 'n massiewe bergland uit. Dis die Sneeuberg – naas die Drakensberg die tweede hoogste bergreeks in Suid-Afrika. Op sy wydste punt – tussen Nxuba en Murraysburg – staan dit 'n volle 200 km breed.

Vir mense wat die Karoo se bekoring verstaan, is dié kontrei eersteklas. Want die hoofpaaie wat die grootste dorpe met mekaar verbind, is geteer; al dié plekke is maar sowat twee ure se ry van mekaar; die gebied het 'n ryk verlede, én hier's blyplekke te kus en te keur. En maak nie saak watter kant toe jy ry nie, jy het altyd die berge in sig.

Om 'n idee van die Sneeuberg se topografie te kry, kan jy netsowel 'n vel papier opfrommel en dit op die vloer laat val. Want nét so vol punte en voue is hierdie landskap, met die hoogste pieke wat in die hart van die Sneeuberg versteek staan – en slegs uit sekere hoeke waarneembaar is. Dié kolosse wat van oos na wes breed geskouer staan, reik só hoog die hemel in dat hulle die wolke voorkeer en hulle vog uitwring in die vorm van reën, sneeu, ryp en mis. In die nat somers kan jy jou maklik verbeel jy's iewers in die Skotse Hooglande. In die winter staan die ysterklipkrone kaal teen die lug, toe onder lae sneeu wat op die kontoerlyne van oerriviere saampak.

Van hulle almal is Kompasberg (2 502 m) die hoogste – dis inderdaad die Karoo se grootste losstaande berg. Op 2 429 m bo seevlak is Nardousberg net 'n kortkoppie agter, maar sonder 'n kenmerkende spits glad nie so indrukwekkend nie. Laasgenoemde staan diep versteek in die bergreeks en in die winter skuil hy onder 'n dik mus sneeu.

## *Veldparfuum*

Ons ry saam met ons vriend Gavin Holmes na die Sneeuberg se binneste. Gavin huur weiding vir sy beeste op 'n plaas genaamd Petrusdal. Van Nxuba waar ek en Chris woon, ry ons weswaarts met die R61 langs, rigting Wapadsbergpas. Dis die pad wat Nxuba met Nieu-Bethesda en Graaff-Reinet verbind, maar voor 'n mens by enige van dié buurdorpe uitkom, reis jy eers deur 'n landskap vol skaapplase, hoekige heuwels en hier en daar verlate ou plaashuise wat die platteland ekstra-mooi maak.

Die mense van hier rond sal jou vertel: Die R61 bied die goedkoopste wildrit in die land. Want dit sny deur die Bergkwagga- nasionale park en verder volg 'n hele paar private wildreservate waar jy enigiets van springbok en gemsbok tot meer eksotiese kalante soos waterbok én basterwaterbok anderkant die wildheining gewaar.

Ons hou verby die afdraai na Samenkomst en draai dan links op die Kwaggashoekgrondpad wat diép in die Sneeuberg strek. Aanvanklik voel dit nie of 'n mens vreeslik klim nie, maar die landskap styg tóg terwyl jy deur die een groen vallei na die ander ry. Skynbaar het elkeen sy eie fontein – oral borrel water uit die grond! Ek draai die ruit af en voel hoe die lug dadelik my wang knyp. Hier is dit minstens ses grade koeler as op Nxuba.

Nou en dan ry ons verby 'n ou wa wat









AUptatis alibus unt, venisque odionem et explabo ressequ atinullit, cus nonsequi cullupta sit et poreris sunt di dus utem nis conem soluptas assitat re, sum accusda peria sa voluptint accus auditatio. Nobis aut ea perrume veniatus netur? Quis enit magnihit, tem eum autent ium enimet ea por sin con comnihi liquiderci dem alit vit, sed qui cusam cusae veliciur aces re, sequae cus vendae pro venditiam rest, aborerum dolores as evel modigendent, toremporem apis dia nulpa nullentius debite cum nos aut pernam, vid qui

AUptatis alibus unt, venisque odionem et explabo ressequ atinullit, cus nonsequi cullupta sit et poreris sunt di dus utem nis conem soluptas assitat re, sum accusda peria sa voluptint accus auditatio. Nobis aut ea perrume veniatus netur? Quis enit magnihit, tem eum autent ium enimet ea por sin con comnihi liquiderci dem alit vit, sed qui cusam cusae veliciur aces re, sequae cus vendae pro venditiam rest, aborerum dolores as evel modigendent, toremporem apis dia nulpa nullentius debite cum nos aut pernam, vid qui

staan en vergaan. Vervalle opstalle en pragtige ou klipkrale. Peerbome het – oorgelaat aan wind en weer – wonderbaarlik gedy, maar die perskebome lyk verskrompeld. Ek kom agter die die lug hier ruik anders. Die geur van Karoo-bossies maak nou plek vir die vars aroma van kapokbos. Later beweeg ons deur grasveld en selfs fynbos met sy kenmerkende spore van laventel en sitrus.

In die somer is hierdie plek fantasties vir vee. Maar in die winter is dit 'n gans ander storie, beaam Gavin wat James Brodie vroeër vertel het.

## *Die Sneeuberg se stories*

Daar's geen maklike óf direkte pad wat jy tot in die middel van dié berge kan volg nie. En die enigste manier déúr van oos na wes, is te voet, te perd of op 'n fiets.

Gelukkig is ons hier op Petrusdal reeds ná genoeg aan die hart van die Sneeuberg om sy pols duidelik te hoor klop. Veral in die stories van die boer Anton Olivier, een van die mense wat die distrik se verhale bewaar.

"Van die passe in die Sneeuberg is só smal dat die eerste trekboere wat hier deur is, hulle waens uitmekaar moes haal, die beeste se horings moes afsaag en die diere een vir een deur die klowe lei – met elke bees se kop so na die kant toe gedraai," beduie hy.

Anton weet waar die Boere tydens die Anglo-Boereoorlog vars perde versteek het. Ook waar hulle tussen strooptogte en skermutselinge weggekruip het. En vra jy hom of hy en sy personeel al ooit in dié woesteny na verdwaalde vee moes loop soek het, is die staaltjies van 'n gesukkel deur banke sneeu volop. Partykeer was die stomme goed al só toegesneeu, jy kon hulle slegs vind deur te soek na stoomwolkies waar hulle deur gaatjies asemhaal.

**Anton en James** is 2 van 'n stuk of 200 grondeienaars wat ingestem het om deel te word van 'n grootse bewaringspoging in die Sneeuberg – die Groot-Karoo-wildernis. Die Wildernisstigting het in 2012 namens Sanparke die taak opgeneem om die Bergkwagga- en Camdeboo- nasionale park met behulp van 'n biodiversiteitskorridor te probeer verbind.

Tussen dié twee parke lê egter 'n laslappie bestaande uit plase en private wildreservate.

Die hoop is om die omgewing se opvangsgebiede en flora te beskerm. Met verloop van tyd het die konsep al meer uitgebrei en op die oomblik strek die Groot-Karoo-wildernis oor 10 000 km² – dis omtrent die helfte van die Krugerwildtuin!

Die projekbestuurder Ulrich Schutte praat met groot lof van die grondeienaars. "Hulle is ongelooflike bewaarders. Van die plase is selfs in 'n beter toestand as die natuurreservate. Dis mense wat die veld verstaan, wat al vir sewe of selfs agt generasies hier boer."

As grasveld reg bestuur word, kan dié grond miljoene tonne koolstof uit die lug verwyder, verduidelik Ulrich. "Boere wat die beginsels van herlewingslandbou begin toepas het, word nou deur 'n internasionale organisasie genaamd TASC met koolstofkrediete vergoed. En dís 'n groot aansporing om al hoe meer sáám met die natuur te boer."

## *Uit liefde van die grond*

Nóg só 'n boer is Rolie Kroon van die plaas Excelsior in die skadu van die Nardousberg. Nes James maak Rolie staat op intensiewe beweiding, met lang rusperiodes tussenin waartydens die veld kan herstel. Trouens, die Kroon-familie was die streek se pioniers op dié gebied.

Rolie wys ons 'n vallei wat eens kaal en leeg was, die grond so hard soos klip. Maar deesdae loop beeste in digte gras naby 'n dammetjie met suiwer water.

"Omtrent tien jaar gelede sou die geringste bietjie reën – ek praat nou van skaars tien of twintig millimeter – op dié klipharde grond sommer vir 'n vloed sorg wat alles verspoel. As 'n mens 'n stuk veld net so kaal los, loop meer as 87% van jou reënwater weg. Dis waarom jy 'n reëndruppel moet probeer vasvang daar waar dit val. Want die oomblik as dit kans kry om te beweeg, vat dit grond met hom saam.


"Ek en my kinders het onlangs die plantspesies hier kom tel in 'n kolletjie slegs so wyd as wat ons ons arms kon uitstrek. En jy sal dit nie glo nie, maar elkeen van ons het omtrent 18 verskillende soorte getel!"

Daardie aand om die vuur, met die sterre wat van agter die bergknoetse vir loer, vat James dít wat hier in die Groot-Karoo-wildernis aan't gebeur is mooi saam:

"Wanneer dit by grond kom, moet 'n mens meer teruggee as wat jy uithaal. Maar dít wat jy wel insit, sal jy tienvoudig terugkry. Dis 'n ongelooflike ding om jou grond te leer liefhê. Maar die béste nog, is dat die grond jóú dan ook koester."











# 7 Puik blyplekke

5

Slaap oor op 'n plaas om die Sneeuberg se landskappe eerstehands te ervaar. Stap lang ente in die veld, volg die twee-spoorpaadjies te voet en trek jou longe vol aan die oopte en stilte van die Karoo.

## 1 Hillston Farm Guest Houses

Die beroemde Karoo-koppies Teebus en Koffiebus is van dié plaas af sigbaar.

Hillston lê sowat 55 km oos van Middelburg en het twee huise om van te kies: Die Northmead Country House (slaapplek vir agt) is *off-grid*, met mooi houtvloere en hoë plafonne. Hier's 'n houtstoof in die kombuis.

Die kleiner Hillston Cottage met sy ysterklip-mure is ook karaktervol. Dié het slaapplek vir ses en is toegerus vir selfsorg. Sy groot trekpleister is die lekker kuierstoep.

**Koste** Vanaf R450 p.p. wat deel (selfsorg). Jy moet vir ten minste twee nagte bespreek.
**Kontak** Riana Southey ✆ 082 322 4403
hillstonfarm.co.za

## 2 Grootklip Getaway

Dié plaas, 31 km noordwes van Nieu-Bethesda, is perfek vir 'n groot gesin of 'n groepie vriende wat in vrede wil saamkuier. Die huis het drie slaapkamers en drie badkamers met slaapplek vir agt. Hier's Wi-Fi en die kombuis is goed toegerus vir selfsorg – ewe met 'n koffiemasjien én 'n wasmasjien.

Die sitkamer het 'n kaggel, maar die eintlike lekkerte wag buite: Dit maak nie saak watter koers jy te voet of per fiets inslaan nie, jy sal nie maklik 'n ander mens teëkom nie. Wel, dalk 'n trop ngunibeeste.

**Koste** R2 300 p.n.
**Kontak** Lisa Watermeyer ✆ 082 047 3220
grootklip.co.za

## 3 Ganora-gasteplaas

Ganora lê sowat 8 km oos van Nieu-Bethesda met 'n onverbeterlike uitsig oor die Kompasberg. Hier is tien elegante en suite-kamers van verskillende groottes. Ontbyt is ingesluit en gaste kan aandete geniet – bespreek vooraf.

Jy kan ook in The Khoisan Cottage tuisgaan. Dié selfsorgeenheid met slaapplek vir ses gaste is naby die plaasopstal. Hier's ook 'n kampterrein.

Gaan op die fossieltoer (R80 p.p.), 'n Boesman-artefaktetoer (R120 p.p.) of leer meer oor die medisinale veldplante (R140 p.p.)

**Koste** Kamp: R220 p.p.p.n. The Khoisan Cottage: R2 600 p.n. Kamers: vanaf R700 p.p.
**Kontak** Hester Steynburg ✆ 082 698 0029
ganora.co.za

## 4 Petrusdal Farmstay

By Anton en Andalet Olivier op die plaas is drie en suite-eenhede. Twee het slaapplek vir vier en is geskik vir gesinne terwyl die derde een vir 'n paartjie bedoel is. Hier's 'n gemeenskaplike leefvertrek met 'n kaggel, 'n eetkamer, bedekte braaistoep en 'n tuin.

Petrusdal het ook 'n basiese kampterrein met 'n stort en spoeltoilet.

Dis sowat 'n uur se ry wes van Nxuba. Jy draai van die R61 af op die Kwaggashoek-pad.

**Koste** Kamp: R150 p.p. Dubbelkamer: R1 200 p.n. Kamer met slaapplek vir vier: R1 800 p.n. Ontbyt is R80 p.p., middagete R100 p.p. en aandete (of 'n braai) R200 p.p.
**Kontak** Andalet Olivier ✆ 083 491 5770 (WhatsApp)
andalet.olivier@gmail.com.

## 5 Allendale Farm Cottage

Allendale is op 'n grondpad wat van die N9 afdraai. Die ruim selfsorgkothuis staan naby die plaasopstal. Die hoofslaapkamer het sy eie badkamer en in die leefvertrek is slaapplek vir nog twee of drie gaste.

Brenda Murray voorsien geurige borde kookkos (R200 p.p.) – gewoonlik lam of hoender, met rys, twee soorte groente en ietsie soets vir nagereg. Jy kan teen dieselfde prys 'n braaipak wat slaai en 'n roosterkoek insluit, bestel.

**Koste** R900 p.n. vir 2, plus R300 vir elke bykomende gas (maksimum vyf mense).
**Kontak** Brenda Murray ✆ 084 682 9235 (WhatsApp)
allendalefarm.wordpress.com

## 6 Roode Bloem Farmstay

Dié geskiedkundige huis het ses en suite-kamers. Gaste deel die ten volle toegeruste kombuis, leefvertrek, eetkamer en ruim stoep en plaaswerf.

Roode Bloem is sowat 10 km noord van Graaff-Reinet, langs die N9.

**Koste** R430 p.p. wat deel (R600 p.n. indien jy alleen kom kuier). Jy kan die hele huis bespreek teen R6 000 p.n.
**Kontak** Tim Murray ✆ 082 632 3103 (WhatsApp)
rbd@intekom.co.za

## 7 Wheatlands-plaas


Jy kan dié hele plaashuis tussen Graaff-Reinet en Jansenville vir jou en jou mense bespreek. Hier is slaapplek vir 12 gaste en jy kan self kosmaak óf vooraf etes by Kirsten Short bestel.

Die eetkamer en sitkamer het albei kaggels. Die huis is toegerus met Wi-Fi. Vra vir 'n aanwysings na die "Karoo Sundowner Spot". Nóg iets wat jy nie moet misloop nie, is die krieketwedstryd wat die kontrei se mense soms op Wheatlands kom speel.

**Koste** Vanaf R3 000 p.n. vir tot 6 gaste, plus R400 vir elke bykomende volwassene en R200 vir elke bykomende kind (selfsorg).
**Kontak** Kirsten Short ✆ 072 251 9022
wheatlands.co.za



3



1

# 4 Doendinge

## *Proe 'n sopie Karoo*

Tim Murray van Roode Bloem is waarskynlik die Karoo se grootste kenner wanneer dit kom by tequila, mezcal en ander vuurwater van die agaweplant. Sit ten minste twee ure opsy om aan al dié sopies met skop te teue!

**Koste** R500 vir 2, plus R100 vir elke bykomende keel. Maksimum 12 per besoek.

**Kontak** Tim Murray ✆ 082 632 3103 (WhatsApp) rbd@intekom.co.za

## *Maak lyn nat*

Van die riviere en strome wat in die Sneeuberg ontspring, is ryk aan groot forelle en geelvis. Alan Hobson van Somerset-Oos weet hoe en waar om hulle op te spoor. Hy kan jou op 'n halfdag- of voldag-hengeluitstappie neem. Alan het toerusting te huur.

**Koste** Vanaf R2 500, plus R1 000 per hengelaar vir 'n halfdag.

**Kontak** Alan Hobson ✆ 082 442 2884; Annabelle Hobson ✆ 082 375 4720; wildflyfishinginthekaroo.co.za

## *Stap Kompasberg uit*

Om dié indrukwekkende berg se kruin te bereik moet jy redelik fiks wees en nie skrik om plek-plek te klouter nie. Dit neem sowat twee ure om tot heel bo te stap, en net solank om weer af te klim ondertoe. Begin liefs vroeg – die wind is geneig om op die hitte van die dag op te steek.

Die roete begin op die Compassberg-plaas wat sowat 'n uur se ry van Nieu-Bethesda en Middelburg af is. 'n Permit kos R70 per stapper.

**Kontak** Brenda James ✆ 082 596 6475 (WhatsApp) brendajames@icon.co.za

**Laat 'n gids jou lei** Indien die berg jou bangmaak, is dit beter om dit saam met 'n gids te stap. Dawid de Wet van Graaff-Reinet staan aan die stuur van sake by die Karoo360-toerisme-onderneming. Kontak hom oor die roete of om 'n gids te bespreek. karoo360.co.za

## *Doen die witwaterwip!*


Waar die Brak- en Visrivier net suid van Middelbrug saamvloei, kan jy 'n paar wilde stroomversnellings te wagte wees! James en Delina Jordaan van Karoo River Rafting bied roei-uitstappies, abseil en ander spanbou-aktiwiteite aan. Hulle het ook blyplek in houthutte en tente.

**Koste** Vir 'n drie tot vier uur lange trippie van sowat 16 km rivierlangs saam met 'n gids in 'n opblaaskano betaal jy R1 000 p.p. Gaan na die webtuiste vir abseil- en blyplektariewe.

**Kontak** James Jordaan ✆ 084 429 9944; karoo-river-rafting.co.za



COMPASSBERG




ALAN HOBSON



TIM MURRAY VAN ROODE BLOEM FARMSTAY









Die dorpe rondom die Sneeuberg is Graaff-Reinet, Nieu-Bethesda, Middelburg, Nxuba, Hofmeyr, Somerset-Oos, Pearston en Aberdeen.

Dié gebied word ook die Hartland-Karoo genoem. Lees meer by karooheartland.com vir inligting oor bykomende doendinge en verblyf.

En loer by mzcpe.co.za indien jy meer oor die Groot-Karoo-wildernis wil weet.



NIEU-BETHESDA

